BabyGym® Institute South Africa

SUKSES stories

Trauma, BabaGim® en Miané

Marietjie van den Berg

Miané Ainsley is op 27 Maart 2014 gebore. ‘n Pragtige en besige kleinding wat alle mylpale reeds ferm onder die knie gehad het, toe die ondenkbare op 9 November 2015 gebeur. Haar ouma het die plons in die swembad gehoor en dadelik in die swembad gespring om Miané uit te haal. Dit was egter reeds te laat. Miané het nie meer asem gehaal nie en daar was ook geen hartklop te bespeur nie. ‘n Buurman het oor die elektriese heining gespring en dadelik met KPR begin, waarna die ambulans personeel oorgeneem het by hulle aankoms. Miané is hospitaal toe geneem waar dit nog 23 minute geneem het voor daar ‘n hartklop geregistreer het. Sy was vir ‘n maand in die hospitaal. ‘n Maand waarin haar toestand wipplank gery het tot sy eindelik stabiel genoeg was om huis toe te gaan.

Maar dit was nie die besige klein peuter wat tuis gekom het nie. Voeding geskied nou deur ‘n buisie in die neus. Die spraaksame dogtertjie se stemmetjie is stil en die lyfie is geklem en gespanne. Daar is geen willekeurige beweging nie en sy kan ook nie sluk nie. Dit is selfs moeilik om te bepaal of sy iets van haar omgewing verstaan of waarneem, omdat daar weinig reaksie en geen emosies getoon word nie.

Op 18 Januarie 2016 begin ons met die eerste BabaGim-sessie.

Ons konsentreer eerstens op diep en ferm massering om Miané te laat ontspan. Sy reageer onmiddellik en die lyfie vou ontspanne oop onder ons hande. Die terugvoering is dat sy na elke massering, feitlik dadelik en maklik aan die slaap raak. Met die volgehoue massering en “body-mapping”, is haar arms en hande reeds baie meer oop en ontspanne. Miane is baie gemaklik op haar magie en kry dus baie “tummy-time”. Sy lig haar koppie al meer en draai dit van kant tot kant. Na drie weke is haar nek baie sterker en kan sy haar kop al enkele minute in ‘n regop posisie hou. Sy draai haar kop soms na geluide en stemme en haar reaksie-tyd het al merkbaar verbeter.

Omdat Miané in hierdie stadium nog nie kan sluk nie, fokus ons ook baie op mondstimulasie. Haar kake is besig om te ontspan en sy verduur met tye ‘n fopspeen in haar mond waaraan sy dan ook effens suig/kou. (Miané het nie as baba ‘n fopspeen gesuig nie.)

Oogkontak is ook vir ons ‘n groot prioriteit. Oë is immers die venster na die siel, word daar gesê. Miané “soek” nou al na mens as sy geroep word en draai haar kop van kant tot kant tot sy jou “vind” en oogkontak word ook elke dag langer gehou. Terwyl daar dan met haar gesels word, pluk-pluk die een mondhoekie asof sy wil saampraat of glimlag.

Hiermee wil ek ook lof bring aan Miané se tannie Yolandi, wat haar soggens versorg terwyl Mamma werk. In die middae neem mamma Claudette oor. Met groot geduld hou hulle aan met die herhaling van BabaGim bewegings en oefeninge en sien elke nuwe verandering in Miané, dadelik raak. Die gesin word ondersteun deur familie en vriende asook gebede van regoor die wêreld. Om deel daarvan te wees, is vir my ‘n ongekende voorreg en om soveel deernis in aksie te sien, laat mens weer opnuut glo in die inherente “goedheid” van die mens.

©BabaGim Instituut: JOHANNESBURG 2016

Namens myself en die familie, wil ons ook dankie sê aan BabaGim Internasionaal en dr Melodie de Jager, wat ons met kennis en vaardigheid toerus vir hierdie groot taak. Dit is nie elke dag 'n maklike pad om te stap nie, maar ons jubel en loof die Here vir elke klein mylpaal en nuwe beweging. Ons kan nie wag vir die dag wat Miané weer haar eerste glimlaggie gee nie!

(Alle oefeninge, stimulasie en die mimiek van bewegings, word gedoen soos aangedui in die handleiding: *BabaGim 2 : Ferm Grondslag* en die brosjure van dr Melodie de Jager: *Brain Injury Support*.)

Links: Miané suig aan 'n fopspeen om haar rustig en ontspanne te hou. Die suig aksie sal ook die mondspiere oor tyd versterk ter voorbereiding van die sluk aksie.

Regs: Miané lekker ontspanne na 'n vollyf-massering.